

Water in Suid-Afrika is min

Die Wêreld-Ekonomiese Forum reken dat die wêreld se waterkrisis een van die drie grootste risikofaktore is wat mense en ekonomieë in die volgende deka-de kan skaad, tesame met klimaatsverandering en massa-migrasie.

Veral 'n land soos Suid-Afrika kan swaar getref word.

Met 'n gemiddelde reënval van 492 mm per jaar (teenoor die wêreldgemiddeld van 985 mm), is ons die 30ste droogste land ter wêreld. Die Suid-Afrikaanse Weerburo het onlangs aangekondig dat 2015 ons droogste jaar nóg was.

Ons land is onder geweldige druk wat varswater betref. Volgens 'n onlangse regeringsverslag sal op korttermyn R300 miljard spandeer moet word om 'n volskaalse waterkrisis af te weer. Die *2030 Water Resources Group* beweer dat die aanvraag na water in Suid-Afrika teen 2030 die aanbod met 17 persent sal oorskry.

Hoewel net een uit elke vier druppels water wat hier val vir gebruik beskikbaar is, speel ons Russiese roulette met water. Ons dink dat veral varswater 'n onuitputlike bron is. Ons vergeet té maklik dat water lewe is en dat niks daarsonder kan oorleef nie. Gevolglik word water in baie gebiede vermors en selfs wanbestuur.

Sowat 37 persent van ons drinkbare water gaan verlore, hoofsaaklik as gevolg van lekkende pype, slordige vakmanskap, onkunde en diefstal. Dit is gelyk aan ongeveer 4,3 miljoen swembaddens se water per jaar – genoeg om 'n derde van die Gariëpdam, die grootste dam in SA, te vul! Hierdie onnodige waterverlies kos nagenoeg R7,2 miljard 'n jaar.

'n Gemiddelde Suid-Afrikaanse huishouding gebruik daaglik ongeveer 150 liter water per persoon – by wyse van die toilet, stort of bad, kombuis en wasmasjien. 'n Huishouding van vier persone met 'n klein tuin, kan ongeveer 300 000 liter water per jaar gebruik.

Hoewel die regering se installering van spoeltoilette vir soveel as moontlik huishoudings prysenswaardig is, gaan daar ongelukkig juis hierdeur ontsaglik baie water verlore. Saam met die pogings om hierdie noodsaaklike diens te voorsien, móét water-slim opvoeding gaan.



Chris Jones is verbonde aan die Sentrum vir Publieke Teologie, Stellenbosch.

Dit is egter nie net huishoudings wat water vermors nie. Op die land se meer as 500 gholfbane wissel die gemiddelde waterverbruik per baan van 1,2 tot 3 miljoen liter water per dag – dieselfde hoeveelheid water as wat daaglik deur 24 miljoen mense gebruik word. Gelukkig gebruik ál meer gholfbane gryswater en stel hulle ook ander omgewingsvriendelike planne in werking.

Indringerplante langs talle riviere lei ook tot baie waterverlies. Die *Werk vir Water-projek* het gelukkig oor die jare heen hierdie probleem aangepak en verbeter, en in die proses werk vir arm mense geskep.

Vaaldam bedreig

Een van die land se belangrikste opgaardamme, die Vaaldam, word deur besoedeling bedreig (veral ontlasting) uit sy voederriviere, die Vaal en die Wilge. Op 'n stadium moes 20 ton dooie vis uit die Vaalrivier verwyder word. Rand Water het ook al gewaarsku dat mense die Vaalrivier se water moet vermy weens die gevaar van ernstige infeksies.

Ons sal beter met die beskikbare waterhulpbronne moet omgaan. Dit is kernbelangrik vir volhoubare ontwikkeling, die vermindering van armoede en die bevordering van ekonomiese groei en omgewingsvolhoubaarheid.

Water dra 60 persent tot landbou en besproeiing in SA by. In sub-Sahara Afrika is 70 persent van die bevolking – direk of indirek – afhanklik van landbou. Hierdie landbou is weer tot 95 persent van reënwater afhanklik.

In gebiede waar water skaars is, is voedsel- en voedingsekerheid, menslike gesondheid en welstand onder druk.

Die vraag na varswater is wêreld-

wyd aan die groei. Dit word geprojekteer dat teen 2050 die globale wateraanvraag met 55 persent sal verhoog, hoofsaaklik as gevolg van groeiende eise vanweë vervaardiging, bevolkingsgroei, huishoudelike verbruik en termiese elektrisiteitsgenerering. Die globale aanvraag na water deur die vervaardigingsindustrie sal na verwagting tussen die jare 2000 en 2050 met 400 persent toeneem.

Tensy die balans tussen die vraag en beperkte voorraad herstel word, sal die wêreld 'n toenemend ernstige watertekort in die gesig staar.

Om 'n ernstige watertekort te verhoed moet ons, in aansluiting by die post-2015 ontwikkelingsagenda van die Verenigde Nasies, meer na óns watervoetspoor kyk. Ons moet water versigtig en spaarsamig gebruik, eerder as om dit te vermors.

As jy in 'n huis woon met 'n dakoppervlak van 150 vierkante meter in 'n reënvalgebied van 500 mm per jaar, kan jy (teoreties) ongeveer 67 500 liter dakwater opvang – 'n derde van wat jy benodig. Ons moet ook iets doen aan waterbesoedeling, druppende krane, lekkende pype of enige ander waterprobleme om sodoende water en die omgewing te bewaar. Dit sal ook help as ons vir waterdienste betaal.

Dit alles behoort sosio-ekonomiese voordele soos die verbetering van mense se gesondheid en opvoeding, asook die bevordering van landbou en voedsel- en voedingsekerheid in te hou. Hierdie voordele sal gemeenskappe se veerkragtigheid en uithouvermoë in 'n waterskaars land soos Suid-Afrika heelwat verbeter.

Bronne:

Gadfly, A & Smacker, P. 2010. Tincture. Passing the buck and bucking the system. Mabhaudhi, T, Chibarabada, T & Modi. A 2016. Water-Food-Nutrition-Health Nexus: Linking Water to Improving Food, Nutrition and Health in Sub-Saharan Africa. *International Journal of Environmental Research and Public Health*.
RW GolfCourses – Rand Water
UN's Human Development Report (2015)
Water Wise – Rand Water

Hierdie is 'n verkorte weergawe van 'n artikel wat in Die Burger verskyn het [http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/dit-is-al-wat-ons-het-20160321]